

Sondag 20 Augustus

Skrifgedeelte: Openbaring 14:1-5

Fokusgedeelte: Openbaring 14:1

God se verseëelde eiendom in die hemel

Openbaring 7:3 het gewys op die verseëling van gelowiges, waardeur ons teen Satan se aanvalle beskerm word. Openbaring 14:1 gee die bewys van God se oorwinning. Johannes sien in dié gesig die 144 000 gelowiges wat almal hulle bestemming bereik het op die berg Sion in die teenwoordigheid van die Lam. Alles is nou volmaak. Sion verwys na God se Berg waar Hy heers, en die Lam verwys na die sukses van Jesus se nederigheid en diensbaarheid as offer. Die 144 000 is natuurlik 'n simboliese getal (die 12 Ou-Testamentiese stamvaders maal die 12 Nuwe-Testamentiese apostels maal 1000 om 'n volheidsgetal weer te gee). Nie een van God se kinders het op die reis na die ewigheid verlore gegaan nie.

Geen wonder die uitverkorenes is besig om God te loof en te eer nie. Wan-neer Johannes hierdie gesig sien, staan hy op die aarde en hy hoor die sanggeluide uit die hemele. Hulle sing 'n nuwe lied, want die blydschap waaraan die gelowiges uiting gee, is ver verhewe bo wat hulle op aarde ooit kon verwag of in woorde kon uitdruk. Niemand anders kon hierdie lied leer nie, want nie net kan niemand meer verlore gaan nie, maar niemand anders kan bygevoeg word nie. Die gelowiges staan daar as begenadigdes met God se verseëling op hulle voorhoofde, maar ook as diegene wat die pad van heiligmaking geloop het.

So sal tot vervulling gaan wat op aarde deur die uiterlike doop geteken was. Die doop is nie alleen 'n teken nie, maar inderdaad 'n seël waardeur ons vertrous is met die onuitwisbare beloftes van God. Uitverkiesing en genade vrywaar mens nie van verantwoordelikheid nie, maar maak dit juis 'n moontlikheid en 'n werklikheid.

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3

Ds. Attie Venter (Pretoria-Annlin)